

**Sport**

Tuks-tennisspelers in SA oefengroep

Wilhelm de Swardt

‘Dol” is waarskynlik die beste woord om enige dag te beskryf in die lewe van Amy Olivier, ’n vierdejaar-mediese student aan die Universiteit van Pretoria.

Behalwe om onder meer te leer hoe om mense teen allerlei vreeslike virusse te beskerm, is tennis haar ander groot passie.

Om so tussendeur haar studies tyd te kry om darem elke dag ’n uur of wat agter tennisballe aan te hardloop, verg fyn beplanning, maar sy kla nie.

“Dit wil voorkom asof ek onder druk floreer. Hoe besiger ek raak, hoe beter doen ek dinge. Ek het eintlik al op skool geleer hoe om die meeste van elke minuut van elke dag te maak,” verduidelik sy.

Die toewyding werp duidelik vrugte af, want Olivier is die afgelope naweek ingesluit in die Suid-Afrikaanse oefengroep waaruit die finale span gekies gaan word wat in Julie aan die Wêreldstudentespele in Italië sal deelneem. Die groep bestaan uit

vier mans en vier vroue, maar uiteindelik sal die span uit net ses spelers bestaan.

Dit is die soort uitdaging waarvan Olivier hou. Die afgelope naweek gedurende die proewe is die spelers aan allerlei toetse onderwerp. In die fiksheidstoets vir vroue was die Tukkie die een wat die langste kon vasbyt.

Interessant genoeg het die keurders besluit dat die dubbelspel die sleutel tot Suid-Afrika se sukses by die spele gaan wees. Die spelers het dus glad nie in die enkelspel teen mekaar meegeding nie, net in die dubbelspel. In elke wedstryd is ander kombinasies beproef. Die idee was om te sien hoe die spelers kan aanpas en gemotiveerd kan bly wanneer dinge op die baan skeefloop.

Olivier speel tennis vandat sy ses jaar oud is. Toe sy onder 18 was, het sy onder die voorste tien in Suid-Afrika getel. Ná skool het sy ’n jaar lank aan die Universiteit van Louisiana in Monroe in Amerika gestudeer en geoefen.

“Ek is baie bly vir die geleentheid, want dit het my laat beseef

hoe hard ’n mens werklik sal moet werk as jy werklik een van die beses wil word. Almal by die universiteit was goed, so elke keer wanneer jy op die baan gestap het, moes jy na die beste van jou vermoë speel. Ek was verstom oor hoe passievol die Europeërs was. Hulle het regtig elke dag tennis geëet, geslaap en gedrink.”

Nóg ’n hoogtepunt vir Olivier was om Tuks die afgelope twee jaar te help om vir die eindronde van die Suid-Afrikaanse universiteitetoernooi te kwalifiseer. Ongeveer het die span albei kere teen Kovsies vasgeval.

Olivier is van mening dat Tuks wel die toernooi kan wen as sy en haar spanmaats groter veggees aan die dag lê.

“Daar was ’n paar kere wat ons dalk te maklik gedurende ’n wedstryd opgegee het. Ek dink ons sal ook moet werk om ons kombinasies in die dubbelspel te verbeter.”

Henco Doman is die ander Tukkie wat opgeneem is in die Suid-Afrikaanse oefengroep vir die Wêreldstudentespele.



Amy Olivier van Tuks-tennis is by die SA oefengroep ingesluit waaruit die span gekies sal word vir die Wêreldstudentespele in Julie in Italië.

Foto: REG CALDECOTT

